

Die Afrikaanse Eisteddfod, 1928.



DIE onderhandelings tussen die Suid-Afrikaanse Eisteddfodkomitee en die Komitee wat die Afrikaanse Eisteddfod verlede jaar op tou gesit het, het vir vanjaar afgespring. Aangesien die S. A. Eisteddfod se wedstryde reeds a.s. Mei gehou word, is dit in elk geval te gou om die Afrikaanse Afdeling nou al te organiseer. Dus sal die Afrikaanse Wedstryde afsonderlik gehou word in Augustus, weer, net soos verlede jaar, georganiseer deur 'n Komitee uit die Kaapstadse Tak van die S.A.O.U., met medewerking van ander Afrikaanse liggame, en onder beskerming van DIE HUISGENOOT.

Diegene wat verlede jaar so fluks meegehelp het om ons eerste poging in die rigting van 'n suiwer Afrikaanse Kunswedstryd 'n sukses te maak, het seker nie spyt dat hulle skouer aan die wiel gesit het nie. Veral is ons trots op, en dankbaar vir, die mooi ondersteuning wat van die platteland gekom het. Daar lê tog maar die ruggraat van ons Afrikanerdom. Daarom het ons die grootste vrymoedigheid om weer 'n beroep op alle Afrikaners te doen om vanjaar ook te toon dat dit ons erns is met die bevordering van ons Afrikaanse kultuur. Verlede jaar het ons 'n mooi begin gemaak. Laat ons vanjaar selfs die stoutste verwagtings van die grootste optimis onder ons oortref.

Verskeie dorpe en distrikte in die verskillende Provinsies het reeds op 'n wenk gehandel wat ons verlede jaar gegee het, om, naamlik, plaaslike kunswedstryde te organiseer. Baie sluimerende, maar onbekende talent is reeds op dié manier ontdek. Miskien kan die sillabus, wat ons binne die volgende drie weke gaan publiseer, dien as 'n leidraad vir sulke plaaslike organisasies. Moontlik kan een en ander ons wenke vir verbetering gee wat in die program van verlede jaar kan aangebring word. Sulke wenke sal baie welkom wees as hulle enigsins uitvoerbaar is. Dit is alleen deur wedersydse hulp en aanmoediging dat ons iets tot stand kan bring wat werklik die stempel van 'n kerngesonde Afrikaanse kultuurontwikkeling sal dra. Verlede

WAARSKYNLIK TUSSEN 18 AUGUSTUS
EN 1 SEPTEMBER.



jaar was die Stadsaal in Kaapstad groot genoeg om die gehoor te bevat wat teenwoordig was by die Pryswinnerskonsert, en die Banketsaal te klein vir die gehoor by die opening. Laat ons vanjaar toon dat die groot saal stampvol kan wees by beide geleenthede en dat die gehalte van die kunsvoordragte dit regverdig. Ons is veral begerig om die belange van die platteland by die optrek van die program in ag te neem. Daarom sal die meeste voorlopige wedstryde weer op Saterdag moet gehou word. Kom, mede-Afrikaners, laat ons saam ons toekoms verseker deur ons kulturele belange nie te verwaarloos nie. Ons kan voordra, ons kan toneel speel, ons kan sing, ons kan komponeer, ons kan skrywe, ons kan teken en ons kan kunstig met ons hande wees. Laat ons iets blywends hier presteer deur die beste kragte uit verskillende omgewings te laat wedywer in Kaapstad. As Wallis 'n jaarlikse Eisteddfod kan hou om die kuns en kultuur te verryk, waarom nie ons nie? 'n Volk se internasionale waarde hang tog per slot van rekening nie in die eerste instansie van die grootte van sy leër of vloot af nie, maar van die grootte van sy volksiel. Deur sulke wedstryde voed ons ons volksiel.

Net soos verlede jaar, sal daar weer diplomas in die verskillende afdelings en klasse uitgereik word, en, behalwe die silwer wisselbekers, die HUISGENOOT-skild en geldpryse in verskillende afdelings, sal daar ook hoogs waarskynlik enige medaljes uitgereik word. Verskeie Afrikaanse liggame het reeds geldelike steun belowe. As daar vriende is wat, net soos verlede jaar, ook op dié manier wil saamwerk, sal hulle steun hoog waardeer word. As iemand een of ander Klas of Afdeling besonder graag wil aanmoedig, hier is 'n pragtige kans.

Die program sal o.a. bestaan uit die volgende afdelings:—

MUSIEK: Sangstukke vir sopraan, mezzosopraan, alt, tenor, bariton en bas solostemme; meerstemmige sangstukke; koorstukke vir skoolkinders en volwassenes; Aksieliedjies; Komposiesies.

VOORDRAG: Resitasies en lees vir verskillende ouderdomme; voordrag en toneelspel van Afrikaanse sowel as Nederlandse stukke.

LETTERKUNDE: Verskeie Afdelings van poësie en prosa.

HANDEARBELD van allerlei aard.

Daar is iets vir almal se aanleg. Kry net vroegtydig die sillabus; bestel vroegtydig musiek en ander benodigdhede; skrywe betyds in, en besiel ander rondom u. DIE HUISGENOOT is u informasieburo.

MUSIEK.

VOORLOPIGE AANKONDIGING.

VOKAAL: Solosang.

Sopraan:

- (a) *, „Pur Dicesti,” Lotti.
- (b) *, „Good Morning,” Grieg. Op Afrikaanse woorde.
- (c) „Lied van die Wonderboom,” Doris Beyers. (Hierdie lied sal in DIE HUISGENOOT verskyn.

Nederlandse Lied: Vrye keuse.

Mezzo-Sopraan:

- (a) *, „Vai Che Sapete,” Mozart.
- (b) *, „Der Asra,” Rubinstein.
- (c) „Ou Afrikaans-Hollandse Lied,” Hans Endler.

Nederlandse Lied: Vrye keuse.

Alt:

- (a) *, „My Thoughts are like the Mighty Hills,” Grieg.
- (b) *, „Ungeduld,” Schubert.
- (c) „Die Doornekroon,” M. L. de Villiers.

Nederlandse Lied: Vrye keuse.

(Vervolg op bladsy 63.)

Tenor:

- (a) *, „Auf Flügeln des Gesanges,” Mendelssohn.
 (b) Afrikaanse en Nederlandse Lied: Vrye keuse.

Bariton:

- (a) *, „Die Uhr,” Löwe.
 (b) Afrikaanse en Nederlandse Lied: Vrye keuse.

Bas:

- (a) *, „Requiem,” Homer.
 (b) Afrikaanse en Nederlandse Lied: Vrye keuse.

MEERSTEMMIGE SANG.

Dames-Tweesang:

*, „Ei, Mühle, liebe Mühle,” Schumann.

Tweesang vir Mezzo-Sopraan en Bariton:

*, „Eventide,” Max Bruct.

Solo Kwartet vir Gemengde Stemme (S.A.T.B.):

*, „For thee hath Beauty,” uit *Oberon*, Weber.
 (Uitgawe Novello, vir gemengde stemme.)

Die Afrikaanse Eisteddfod, 1928.

(*Vervolg van bladsy 51.*)

=====
Kinderkoor: (Nie minder as twintig en nie meer as dertig stemme nie.)

Kinders bo 14 jaar:

(a) Tweesang uit „Hänsel en Gretel,” Humperdinck.

(b) Sal later aangekondig word.

Kinders onder 14 jaar:

(a) „As die Windjie wat Suis.”

(b) „Eendjies op die Water,” Ashworth.

Die Afrikaanse vertalings van die liedere * gemerk, sal later by DIE HUISGENOOT verkrygbaar wees.

Gemengde Koor: (Nie meer as dertig stemme nie):

1. *, „Matin,” W. H. Bell.

2. *, „Wither Away is the Spring To-day,” Colin Taylor.

Aksieliedjies:

No. 3 en 4 uit *Die Mieliedogter*, of „Joppie en Poppie,” Maxie de Villiers.

Amateur-Strykorkes: (Minstens twaalf spelers behalwe die dirigent. Klavier kan gebruik word, en kontra-bas kan uitgelaat word.)

Twee eerste dele uit „Ein kleine Nachtmusik,” Mozart.

BUIITE HOOP.

Mens moet dit liever nie probeer nie—
 Die feit is dood'lik en voldonge:
 Jy sal ou Ja-maar . . . nie bekeer nie,
 Al het jy ook nog *honderd tonge*,
 'n *Koperkeel en diamante longe!*

* * * * *

„Teen dwaasheid”—laat jou die gedagte troos—

„Is selfs die Hoër Magte magteloos!”

A. G. V.